Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2017

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

*AFRFA1*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | Taal (VRAAG 3, 4, 5 en 6) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie deeglik.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke VRAAG op ꞌn NUWE bladsy.

5. Trek ꞌn streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ꞌn reël na ELKE antwoord oop.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande artikel deur en beantwoord die vrae wat volg.

### INSPIRERENDE SWEMMER GAAN HAAR LIG DEUR HAAR STUDIES SKYN




1 Oktober 9, 2015: Haar positiewe lewe, kanniedood passie en geloof het vanjaar vir die paralimpiese swemmer, Adri Visser, nuwe deure oopgemaak waar sy een van haar grootste drome najaag. Adri, wat gebore is sonder hande en ʼn regterbeen omdat haar ma tydens haar swangerskap Duitse Masels gehad het, het keuring gekry vir haar B.A. Hons. in Biokinetika aan die NWU Pukke en gaan die eerste "erge" fisiese gestremde nagraadse student in dié rigting wees. Sy was net anders as baie ander fisiese gestremdes wat net wil sit en hulself jammer kry en nie iets wil doen nie.

2 Adri is bekend vir haar swemprestasies, maar nou wil sy haar fokus op ʼn lewe na swem plaas, waar sy mense kan help en sodoende ʼn inspirasie vir ander kan wees. Sy het verlede jaar haar B.A.-graad in Menslike Beweging (biokinetika) en Sielkunde voltooi en gaan haar honneurs oor twee jaar voltooi.

3 "Ek voel dat ek al so baie in my lewe geseën is. Hierdie is my manier om terug te gee aan ander, sodat hulle ook die spesiale kanse kan ervaar wat ek al in my werk en as biokinetika pasiënt geniet het saam met Abie van Oort, my biokinetikus. Sonder hom sou dit nie moontlik kon wees nie," vertel Adri, wat nuwe hoop wil gee.

4 

"Ek glo dat alles vir ʼn rede gebeur en dat God dit toegelaat het sodat ek ander mense kan inspireer. As ander mense na my kyk of staar, sien ek dit positief. Ek kan mense motiveer en ʼn verskil maak om hulle eie probleme en ander se gestremdhede te oorkom," vertel Adri.

5 Sy doen ook af en toe motiveringspraatjies by skole en funksies. Adri swem al vandat sy 13 jaar oud is. Sy swem in die S5-kategorie en hou tans die Afrika rekord in die 50m vlinderslag, 200m vryslag en 200m individuele medley.

6 “ ’n Stokperdjie het onverwags in ’n swemloopbaan verander en my droom het ’n werklikheid geword toe ek die stadion in Beijing vir die 2008 Paralimpiese Spele binnegegaan het.

7 Ek kon my oë nie glo nie,” vertel Adri wat nou agt jaar later mik om by die 2016 Paralimpiese Spele te gaan deelneem en dan daarna op ’n hoë noot uit swem uit te tree. Al het sy verskeie medaljes verwerf en verskeie SA- en Afrika rekords gebreek, bly sy nederig.

8 Van haar swemafrigter, Marike van Oort sê sy: “Jou swemafrigter is so belangrik. Dit is die persoon wat daardie ekstra in jou sien en jou met die baie belangrike split sekonde laat wen of ondersteun om altyd jou persoonlike beste tye te swem.”

9 Adri se lewe is nie altyd rose en maanskyn nie. Maar op sulke dae is dit haar ma, wat haar inspireer. “My ma het my nog altyd ondersteun en sy is trots op wat ek al bereik het en nog gaan bereik, veral in hierdie nuwe opwindende pad. Sy en my twee sussies is my steunpilare.”

10 “Ek het oorspronklik sportkunde gekies omdat ek graag iets in ’n sportrigting wou doen en so het ek in my studies biokinetika ontdek en wil nou mense se lewens verander. Ek het nie moed opgegee nie,” vertel sy. Sy erken wel dat dit nie maklik gaan wees nie aangesien die kursus baie praktiese elemente bevat. “Die lektore het wel gevra of ek in staat sal wees om al die take te doen, maar ek het hulle oortuig dat ek sal kan.”

11 Ek het hulle gevra om saam met my te glo en ’n *leap of faith* te neem. Ek gebruik ook ander metodes, soos multimedia waar ek nie noodwendig iets self kan demonstreer nie.”

12 Adri sal ook graag aan gestremdes met haar kennis in biokinetika wil teruggee, en sy is reeds by ’n klompie organisasies soos die jaarlikse Loslitdag en Otto Bock SA Prosthetics betrokke. “Biokinetika beteken *lewe deur beweging* en ek wil vir gestremde mense wys en help dat hulle ook ’n vol lewe kan lei soos ek, ten spyte wat hulle struikelblokke mag wees.”

[Aangepas en verwerk uit http://potchefstroomherald.co.za/4040/inspirerende-swemmer-gaan-haar-lig-in-studies-skyn/]

1.1 Haal EEN woord uit paragraaf 1 aan wat aandui dat Adri baie gestremd is. (1)

1.2 Lees weer paragraaf 1 goed deur. Hoe vergelyk Adri se lewe met ander fisiese gestremde mense se lewe? (2)

1.3 Adri wil NET op swem fokus en dan uittree.
Haal ŉ DEEL van ŉ sin uit paragraaf 2 aan om hierdie stelling as ONWAAR te bewys. (1)

1.4 Om watter rede wil Adri aan ander teruggee? (1)

1.5 Hoekom wil Adri ander mense help? (paragraaf 4) (1)

1.6 Haal DRIE agtereenvolgende woorde aan (paragraaf 5) wat sê dat Adri nie gereeld motiveringspraatjies lewer nie. (1)

1.7 Waarom, dink jy, lewer Adri motiveringspraatjies by skole? (1)

1.8 Hoe weet ons dat Adri ŉ baie goeie swemmer is? (paragraaf 5) (1)

1.9 Wat was Adri se grootste droom? (1)

1.10 Wat wil Adri na die 2016 Paralimpiese Spele doen? (1)

1.11 Skryf die TWEE woorde van paragraaf 6 neer wat in teenstelling met mekaar is. (1)

1.12 *Haar lewe is nie altyd rose en maanskyn nie.*

1.12.1 Het die uitdrukking "*rose en maanskyn*" ŉ denotatiewe of konnotatiewe betekenis? (1)

1.12.2 Wat beteken hierdie aanhaling? (2)

1.13 Adri het van die begin af professioneel begin swem.
Gee ŉ rede hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.14 Wat beteken om ŉ *leap of faith* te neem? (paragraaf 11) (1)

1.15 Hoe wil Adri haar gestremde vriende help? (paragraaf 12) (1)

1.16 1.16.1 Wat beteken biokinetika? (1)

1.16.2 Hoe kan biokinetika gestremde mense help? (1)

1.17 By watter instelling studeer Adri? (1)


1.18 Oor watter sosiale probleem handel die leesstuk? (1)

1.19 Watter boodskap kry ons uit die titel van die leesstuk? (1)

Kopiereg voorbehou 

**TEKS B: INLIGTING OOR MISDAAD IN DIE OOS-KAAP**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




1.20 Hoekom is daar 'n grafsteen in blok 2? (1)

1.21 Hoekom is daar 'n verskil tussen die grafika van die twee vuiste in blok 5 en 6? (1)

1.22 Rangskik die volgende misdade van die kleinste tot die grootste persentasie styging.

A Poging tot moord
B Motorkapings
C Moorde (1)

1.23 Hoekom wys party pyltjies in die teks op en party pyltjies af? (1)

1.24 Waarom is die gebruik van die motor in blok 4 gepas? (1)

1.25 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.24) en die antwoord neer.

Mense gaan (gerus / ongerus) wees oor die blok wat handel oor poging tot moord. (1)

1.26 Wie het al hierdie statistieke verskaf? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2: SELFOONETIKET

### TEKS C

Lees hierdie artikel aandagtig deur. Voer dan die instruksies hieronder uit.

### INSTRUKSIES

1. Som die sewe **aspekte van SELFOONETIKET** in (jou eie) SEWE VOLSINNE op.
2. Skryf die hoofgedagtes PUNTSGEWYS IN JOU EIE WOORDE neer.
3. Nommer die hoofgedagtes van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**SELFOONETIKET**

1 Jy leer al van kleins af goeie maniere sodat jy maklik met ander mense oor die weg kan kom. Maar onthou, goeie maniere geld ook vir jou slimfoon!

2 Voor jy enige boodskap, video of foto stuur, kyk weer daarna en besluit: Is dit waar, en is dit nodig om dit te stuur? Sal dit iemand goed of sleg laat voel, iemand help of seermaak? Dink daarom twee keer voor jy iets stuur of sê. Dis lekker om op WhatsApp-groepe vir al jou maats op een slag ’n boodskap te kan stuur, maar dink mooi voor jy deel word van groepe. Soms word dit misbruik om oor ander te skinder of om iemand te boelie.

3 Stuur jou laaste boodskap voor 20:00 in die aand. Die meeste mense begin dan rustig raak en gereed te maak vir aand. Dit is dan ongeskik om laat in die aand boodskappe te stuur. Gee iemand tyd om op jou boodskap te reageer, want dis onredelik om dadelik ’n antwoord te verwag. Moet nooit ongeduldig die ander persoon aanhoudend *ping* nie.

4 Wees altyd bedagsaam. Onthou om goeie maniere te gebruik, of jy nou WhatsApp, SMS of op Facebook met iemand gesels. Moenie musiek kliphard op jou foon speel nie. Dit gaan hier net oor respek vir die mense wat naby is. Kuier met jou maats wanneer hulle by jou is en gesels met die ander mense aan tafel as julle eet. Dit is goed om jou foon soms uit te los. Dit is ook ongeskik om met jou foon te peuter terwyl jy in geselskap is.

[Aangepas en verwerk uit http://www.hoezit.co.za/ekvoel/2016/9/9/slimfoon-etiket]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

### TEKS D

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.



3.1 Hoekom word ŉ sak met kruideniersware in die advertensie gebruik? (1)

3.2 Hoe word die eerste maand se gratis aanbod in die advertensie uitgelig? (1)

3.3 Hoekom, dink jy, is dit beter om die geskenkbewys op ŉ selfoon in plaas daarvan op papier te kry? (1)

3.4 Waarvoor staan die **"e"** in e-geskenkbewys? (1)

3.5 Hoe word daar vir die leser gewys dat *Rapport* ŉ koerant is? (1)

3.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.6) en die korrekte letter neer bv. 3.6 E.

Die uitdrukking **"bepalings en voorwaardes geld"** beteken ...

A daar is nie spesifieke reëls en regulasies nie.
B jy moet aan die reëls en regulasies voldoen.
C Shoprite Checkers sal bepaal wat die voorwaardes is.
D daar is reëls en regulasies wat belangriker is as ander. (1)

3.7 Gebruik die woord **van** in die onderstaande sin as ŉ HOMONIEM sodat die betekenis duidelik daarin voorkom. (1)

Teken in op *Rapport* en ontvang ŉ R100 e-geskenkbewys **van** Shoprite & Checkers.

3.8 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM. (1)

Jy moet ŉ SMS na Rapport stuur.

BEGIN SO: ŉ SMS ...


3.9 *Vir meer inligting kontak **ons** by: 087741061*.
Hoekom word die voornaamwoorde **ons** in die advertensie gebruik? (1)

3.10 Gee ŉ SINONIEM vir vir die woord **gratis.** (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

### TEKS E

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.




[Vertaal uit https://garfield.com/comic]

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Hoe weet ons dat die klokkie lui? | | (1) |
| 4.2 | Watter woord in raampie 2 sê vir ons dat die seun verbaas is? | | (1) |
| 4.3 | Gee 'n SINONIEM vir **present** in raampie 4. | | (1) |
| 4.4 | 4.4.1 | Hoe weet ons dat John nie sy sin in raampie 5 voltooi nie? | (1) |
| | 4.4.2 | Wat is die rede dat John nie sy sin in raampie 5 voltooi nie? | (1) |
| 4.5 | Hoe weet ons dat John gelukkig in raampie 4 is? | | (1) |
| 4.6 | Om watter rede het mev. Prins hierdie aaklige ding gedoen? | | (1) |
| 4.7 | Skryf die volgende sin oor in die NEGATIEF: | | |
| | Mev. Prins het al vir ons 'n koek present gegee. | | (1) |

4.8 Hoe weet ons dat dit nie Garfield is wat in raampie 2 praat nie? (1)

4.9 Verander die volgende stelling in 'n vraag:

Garfield het ook haar Asters afgebreek. (1)

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

### TEKS F

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taal- en spelfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**OUERS EN HULLE TIENERS – WYSE WOORDE**

Drankmisbruik onder tieners kom al meer voor. Dit word as *cool* beskou om te drink. Skole raak bekommerd, want alkohol verlaag tieners se inhibisies en dan doen hulle dinge wat hulle nooit sou gedoen het nie. Hulle vaar ook nie goed op skool nie.

Een van die redes waarom tieners drank misbruik, is omdat volwassenes en ander tieners dit doen. Twee ander redes vir drankmisbruik is groepsdruk en ook ('n manier raak ontslae van spanning.)

Maar, tieners sê dat ouers die probleem kan voorkom as hulle nie voor hulle kinders drink nie. As ouers twee rye spore loop, dink tieners dat hulle dieselfde mag doen.

(Minder+jarig) (kind) moet gestraf word as hulle te veel drink. Hulle is nog jonk en moet die reëls van die huis gehoorsaam. Moet nie bang wees om reëls af te dwing nie. Tieners moet weet wat die gevolge van hulle dade gaan wees.

Kommunikasie binne die gesin is belangrik. Tieners sê: "Gesinslede moet met mekaar praat, sodat almal weet wat hulle mag of nie mag doen nie." Gesels met jou tiener is die beste wenk. Praat met hulle oor verkeerde maats. Al lyk dit of hulle nie belangstel nie, luister hulle tog.

Tieners moenie ook nie te veel sakgeld kry nie. Baie geld maak dit maklik om drank te kan koop.

[Bron: TAT vraestel 1, Oos-Kaap 2009]

5.1 Skryf die volgende sin in die BEDRYWENDE VORM oor.

Drank word deur tieners misbruik. (1)

5.2 Verbind die volgende twee sinne met die VOEGWOORD **daarom.**

Dit word as "*cool*" beskou om te drink. Drankmisbruik onder tieners kom al meer voor.

Begin so: Dit word ... (1)

Kopiereg voorbehou

5.3 Gee die korrekte Afrikaanse woord vir die woord *cool* in die volgende sin:

Dit word as "*cool*" beskou om te drink. (1)

5.4 Wat beteken die volgende UITDRUKKING **twee rye spore loop** in die volgende sin:

As ouers **twee rye spore loop**, dink tieners dat hulle dieselfde mag doen. (1)

5.5 Herskryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Tieners vaar goed op skool as hulle nie drank misbruik nie. (1)

5.6 Gee die ANTONIEM vir die onderstreepte woord. Skryf slegs die vraagnommer 5.6 en die antwoord neer.

Praat met hulle oor **verkeerde** maats. (1)

5.7 Herskryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Tieners sê: "Gesinslede moet met mekaar praat."

Begin so: Tieners sê dat ... (1)

5.8 Herskryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD.

Kommunikasie binne die gesin is belangrik. (1)

5.9 Voltooi die sin met die KORREKTE VORM van die woord **drink.** Skryf slegs die vraagnommer en die woord as jou antwoord neer.

As 'n mens baie drink, word jy (**drink**). (1)

5.10 Kies die KORREKTE VORM van die woorde tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.10) en die antwoord neer.

ʼn (Minder+jarig) seun moet gestraf word as hy te veel drink. (1)

5.11 Verbeter die SINSKONSTRUKSIE in die volgende sin. Herskryf die volledige sin as jou antwoord.

Tieners drink (by die Spaza) (baie drankies na mekaar) (elke dag) om goed te voel. (1)

5.12 Gee die MEERVOUD van die onderstreepte woord. Skryf slegs die vraagnommer (5.12) en die antwoord neer.

Hierdie **probleem** vind orals plaas. (1)

5.13 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF.

Drank is 'n manier (raak van spanning ontslae).

Begin so: Drank is 'n manier ... (1)

5.14 **Beantwoord** die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Tieners moet asseblief sakgeld kry.

Begin so: Nee, ... (1)

## TEKS G

- Die taalvrae wat volg, is op die fabel hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.



[Bron: http://www.newkirk.k12.ok.us/page/70581_3]

| | | |
|---|---|---|
| ŉ 5.15 (Slaap) leeu word wakker toe | 5.15 Gee die TEENWOORDIGE DEELWOORD van die woord tussen hakies. | (1) |
| ŉ klein 5.16 (muisie / meisie) oor sy gesig hardloop. Hy word so kwaad dat hy die diertjie gryp en wou opeet. Die 5.17 (baie klein) diertjie smeek dat die leeu sy lewe moet spaar en belowe dat hy hom eendag sou beloon. Die leeu laat hom toe 5.18 .... | 5.16 Kies die KORREKTE SPELLING van die woord tussen hakies.<br>5.17 Gee die INTENSIEWE VORM van **<u>baie klein.</u>**<br>5.18 Voltooi die sin met ŉ logiese woord. | (1)<br>(1)<br>(1) |
| Op ŉ dag word die leeu in ŉ net gevang. Hy brul 5.19 (hard) as die bosgeraas. Die klein diertjie het gehoor dat dit die leeu was wat sy lewe gered het. Hy hardloop soontoe en begin aan die toue 5.20 (knaag) om die leeu te bevry. "Daar," sê hy, "jy het gelag toe ek gesê het dat ek ook eendag jou lewe sal red. Nou sien jy, selfs so ŉ klein mannetjie soos ek kan ŉ groot leeu soos jy help!" | 5.19 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord **<u>hard</u>**.<br>5.20 Kies die SINONIEM vir die woord **<u>knaag</u>**. Skryf slegs die vraagnommer die korrekte antwoord neer. Knaag beteken (afbyt / opeet). | (1)<br>(1) |

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou